

Saterdag 2 Maart

Skrifgedeelte: Josua 1:1-18

Fokusgedeelte: Matteus 28:16-20 (1933/53-vertaling)

Gaan met God se boek die wêreld in

In die boek Josua laat God ons van verskillende kante sien hoe Hy die geskiedenis van elke mens in sy hand hou. Die naam “Josua” is ’n Hebreeuse naam en die Grieks is “Jesus”. In Afrikaans beteken dit: “Die Here is verlossing.”

Die boek Josua is vernoem na die man wat deur God beskik is om die Here se volk, Israel, vanuit die woestyn in die beloofde land in te lei. Hy moes aan elke Israeliet sy erfdeel gee soos die Here dit beskik het.

Die man Josua is ’n heenwysing na of ’n skadubeeld van ons Here Jesus. Die Here verlos deur Josua. God verlos óók die gelowiges (volk van die Here) deur die Here Jesus van die sondewoestyn waarin hulle gelewe het en lei hulle na die hemelse woning waar daar geen trane, moeite of verdriet gaan wees nie. (Sien u die ooreenkoms?)

Dit gaan egter in Josua nie om die méns Josua nie, maar om die Here. Daarom is dit juis die Here wat eerste aan die woord kom in Josua 1. Hy gee aan Josua ’n groot en moeilike opdrag (vs 2-4). Stel jou voor: ’n Klein swerwersvolkie moet al die magtige volke in die beloofde land gaan verower!

Volgens Matteus 28:19 kry jy, Christen, ook ’n moeilike opdrag: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van ... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” Dit is ’n geweldige opdrag! Voel jy ook so klein en hulpeloos? Volgens Sondag 32:87 van die Heidelbergse Kategismus is daar nog ’n ander groot opdrag: Bekeer jou, anders kan jy die koninkryk van God nie beërwe nie.

Hoe sal Josua en ek en jy ons Goddelike opdragte kan uitvoer? Die Here se Woord leer ons in Josua 1:5, 9 en Matteus 28:20: *Ek sal met jou wees*. In Matteus 28:18 sê die Here: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.”

Verder sê die Here ook vir ons in Josua 1:7: Handel nougeset volgens God se Woord. Moenie links of regs afwyk nie. En in Josua 1:8: Praat oor die Woord, bepeins dit en dink diep daaroor na. Dán sal ons ons opdragte kan uitvoer!

Sing: Psalm 119-1:48

Ds. AH Stavast (Arie) (Kroonstad)